

## **Biddag vir Jeug en Onderwys: 10 Februarie 2019**

Drie-Enige God, Vader Seun en Heilige Gees, ons wil op hierdie oggend bid vir die onderwys van ons land omdat daar groot kommer is oor wat in en om die skole aangaan:

Ons land verval in 'n gees van ongedissiplineerdheid, waar integriteit en eerlikheid ernstig bevraagteken word.

Daar is groot vraagtekens oor respek vir ouers, volwassenes, ou mense, owerhede, reëls, regulasies en ook wette.

Dit lyk asof kinders ook nie meer met respek behandel word nie maar eerder gebruik word om onheilge en onwettige dinge te doen.

Here, U het self baie gemaak van kinders en selfs met u disipels geraas omdat hulle die kinders van U af wou weghou.

Daarom het die behoefte ontstaan dat ons sal bid vir die onderwys van ons land.

- Ons Bid eerstens dat die regering, die minister van Onderwys en die provinsiale onderwysstrukture sal fokus om kwaliteit onderrig daar te stel en relevante oplossings vir huidige uitdagings te vind.
- Ons Bid vir regverdige en gelyke onderwys vir elke kind en student in elke gemeenskap en dat ons kreatiewe oplossings sal vind vir waar daar steeds groot agterstand en ongelykheid is.
- Ons Bid vir al die die skole in ons eie gemeenskap asook vir die beheerliggame en skoolhoofde van elke skool.
- Ons Bid dat ouers en ook lidmate hulself beskikbaar sal stel om hande te vat en diensbaar te wees by skole binne maar ook buite ons gemeentegrense.
- Ons Bid dat onderwysers en dosente met integriteit en met 'n dienende houding sal werk. Ons wil ook dankie sê vir uitstekende opvoeders wat hulle roeping bekwaam uitleef.
- Ons Bid vir 'n rustige en veilige omgewing in skole, Teknikons en Universiteite waar onderwysers en dosente hul roeping kan uitleef en waar kinders en studente hul op hul studies kan toespits.
- Ons Bid vir die Onderwys-organisasies soos die SAOU en FEDSAS vir die rol wat hulle speel om gehalte onderwys te verseker.
- Ons Bid vir die uitdagings wat kinders in skole beleef. Here U weet hoe baie kinders word aan boelie-gedrag, groepsdruk, bende aktiwiteite, drank en dwelm onderwerp en misbruik. Daar is soveel tiener swangerskappe, mishandeling en geweld in en om die skole.
- Daarom Bid ons vir kinders wat swaarkry in die skole sisteem weens depressie, alleenheid, honger, siekte of ouer-onbetrokkenheid.
- Ons Bid vir leerders met gestremdhede en spesiale leerbehoefes. Ons bid dat daar ook aan hulle behoeftes aandag geskenk sal word sodat hulle tot hulle volle potensiaal kan ontwikkel.
- Ons bid ook vir die werk van maatskaplike dienste of nie-winsgewende organisasies in plaaslike gemeenskappe.

Ons bid dat U in U liefde aan elkeen en alles wat by ons onderwys betrokke is sal dink, Here, en dat daar op 'n ongekenende wyse verandering ten goede sal plaasvind.

Ek vra dit in die Naam van ons Here Jesus Christus, AMEN